

# Seuns Wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander



Daniel Radcliffe




Daniel Tammet

Daniel Radcliffe  
(Gebore 1989)



Op skool het Daniel nooit regtig gevoel hy is goed in enigiets nie. Hy het 'n probleem gehad wat dispraxie genoem word, wat selfs klein dingetjies, soos skryf of veters vasmaak, vir hom moeiliker gemaak het as vir ander mense. Hy het nie veel vertroue in homself gehad nie.



Ten spyte daarvan het Daniel altyd geweet hy wil toneelspeel.  
Maar dit was amper 'n ongeluk toe hy oudisie toe gegaan het  
om die rol van Harry Potter te speel, die seun towenaar op wie  
miljoene lesers oral verlief geraak het op hom.




Daniel wou heeltemal ophou toneelspeel toe hy elf jaar oud was. Dit was net omdat hulle nêrens die regte seun kon kry nie, die regisseur het hom gaan oorreed het om die oudisies te doen.

So gou as wat hy by die kamer in gestap het, het almal wat aan die film gewerk het saam gestem; hierdie seun moet Harry Potter speel.



En vir die volgende tien jaar het hy dit gedoen. Hy het na Hogwarts-skool vir heksery en toordery gegaan, quidditch gespeel, op 'n gevleuelde perd gevlieg, 'n reuse-slang geveg en uiteindelik Heer Voldemort verslaan.



Soos Harry grootgeword het, het Daniel ook grootgeword. Beide hy en sy karakter het dieselfde laste gedeel om erken te word waar ook al hulle gegaan het, om aan groot verwagtinge onderhewig te wees en selfs op skool geboelie te word.



Daniel was bly dat hy die rol in Harry Potter geneem het, nie omdat dit hom beroemd of ryk gemaak het nie, maar omdat dit beteken het dat hy nie toegelaat het dat die dispraxie hom gekeer het om enigiets te doen wat hy wou nie. En nou het hy die kans om goed vir ander te doen.





Om te help, het hy die Britse liefdadigheidsorganisasie '*Get Connected*' ondersteun, nou bekend as '*The Mix*', wat 'n diens is vir jongmense wat raad nodig het.

In plaas daarvan om vir hom Kersgeskenke te koop, het hy eenkeer vir aanhangers gevra om geld na 'n hospitaal te stuur vir siek kinders. En in die VSA werk hy saam met '*The Trevor Project*', 'n telefoonlyn wat jong LGBTQ-mense kan bel wanneer hulle hartseer, alleen of onveilig voel.



‘Sommige mense dink ek is homoseksueel,’ het hy gesê.

‘Ek dink dit is wonderlik.’



Daniel Tammet  
(Gebore 1979)



As baba het Daniel nooit opgehou huil nie. Hy sou sy kop teen die muur stamp totdat sy ma hom optel het en hom aan die slaap gewieg het. Niemand het geweet wat fout was nie.



Toe het Daniël 'n epileptiese aanval gekry. Almal was doodbang omdat sy oupa aan epilepsie gesterf het. Hulle het gedink sy lewe is verby.



In plaas daarvan het dit geblyk asof die aanval iets in Daniël se brein gedoen het.

Hy het dit die eerste keer opgemerk toe sy pa vir hom 'n boek oor tel gegee het. As hy na die syfers gekyk het, het hy meer as net eene, twees en drieë gesien. Hy het beelde vir elke nommer gesien.




Beelde soos donderweer of lopende water. Sommige getalle was knopperig, ander was glad. Sommige het geraas en ander was stil.



As 'n grap, terwyl hulle gespeel het, het sy broer hom gevra:  
'Wat is  $82 \times 82 \times 82 \times 82$ ?'

Die beelde het in Daniel se kop gedraai en geswaai.


'45 212 176,' het Daniel gesê. En hy was reg.






Dit het Daniel egter nie gehelp om vriende op skool te maak nie. Hy het verkies om alleen te wees.

Hy was met outisme gediagnoseer en soms het dinge oorweldigend gevoel. Wanneer hy moet kalmeer, sou hy net kyk hoe die syfers in sy kop verbygaan of lieweheersbesies versamel en tussen die bome gaan sit.



Buiten behalwe vir getalle, het Daniel ook van tale gehou. Hy kan tien tale praat en het ook sy eie een geskep, genaamd Manti. Hy het verskeie boeke geskryf. En sy geheue is ook nie sleg nie.



‘Ek het pi gememoriseer tot 22 514 desimale plekke,’ het hy gesê, 'en ek is tegnies gestremd. Ek wou net vir mense wys dat gestremdheid nie in die pad hoef te staan nie.’





THINK

DIGITAL ACADEMY

